

7 Augustus - NAG

Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 5:1-11

Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 5:2

Elke dag bring ons 'n dag nader aan die wederkoms van ons Here. Ons weet dat Hy op pad is. Ons weet selfs dat Hy naby is. Tog weet ons nie presies wanneer, op watter dag en op watter uur Hy sy verskyning sal maak nie.

In 1 Tessalonisense 5 word die beeld van die dief in die nag gebruik om die onverwagte, onvoorspelbare tyd van Jesus Christus se wederkoms te beskryf. 'n Dief kondig nie voor die tyd aan dat hy op hierdie of daardie dag gaan kom nie. Hy stuur nie 'n kennisgewing uit of 'n gesant om jou te waarsku nie. Nee, hy wil juis nie hê jy moet weet nie. Hy wil jou onverhoeds betrap, wanneer jy dit die minste verwag.

Nou word juis hierdie kenmerk van 'n inbraak gebruik om die gelowige tot waaksaamheid op te roep, dat jy altyd gereed moet wees. Daar staan in vers 3: *"Wanneer die mense sê: 'Alles is rustig en veilig,' sal die ondergang hulle skielik oorval soos geboortepyne 'n swanger vrou ..."*

En daarom die oproep in Matteus 24: *"Om dieselfde rede moet julle ook altyd gereed wees, want die Seun van die mens kom op 'n uur dat julle dit nie verwag nie"* (vs 44).

Dit is ook wat vers 4 by ons wil tuisbring: *"Maar, broers, julle leef nie in die duisternis nie; dié dag sal julle nie soos 'n dief oorval nie."* Met ander woorde, die gelowige sal nie verras word nie, want hy leef by die lig van God se Woord. Hy weet van beter. Hy weet dat Jesus Christus kom. En omdat hy dit weet, is hy waaksaam, is hy voorbereid, is hy elke oomblik gereed.

Is jy gereed?

Sing: Skrifberyming 7-2:1, 2

Ds CJH Breed (Secunda)